# ...g bly Dylan boeiend

deur ANTON GOOSEN

... BY BOB DYLAN. Met die Elastic Head Band. In die Mark-Kafee, Johannesburg.

soos hierdie nie.

John Oakley-Smith is self, met alle respek gesê, oorbodig. Sy klavierspel kan gaan — in omgangstaal noem ons dit ,,busking'' — maar sy stem is allermins geskik vir Dylan-werke.

Veral in Girl from the North Country was dit merkbaar: daar waar hy die te hoë of te lae note na smaak met 'n oktaaf verskuif omdat hy nie kan bykom nie.

Soos die vorige keer was die verteller goed. Richard Haines het die onderhoude foutloos oorgedra met net genoeg gesigspel en aksentnabootsing om outentiek te klink.

Die navorsing by die keuse van die voordragte was onverbeterlik. Kortom: dit het die surrealistiese siel van een van die grootste musiekdenkers van hierdie eeu geslaag weerspieël.

Caroline van Nierop moet weer eens volle punte kry vir haar folkstem en kitaarspel en die nodige harmonieë. In aksie het die groep saam met Mac se voorsang oortuig.

Veral For Ever Young, When The Ship comes In en It Aint Me Babe het getref, en natuurlik Dave Marks se Song To Woody en To Ramona. In twee enkele nommers het hy die geskiedenis en gees van die revolusionêr saamgevat en meesterlik aangebied.